

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

9 Mei 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Koster en Powerpoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Zard Aucamp –
061 638 5247

**Erediens preke en oordenkings:**

<http://gkcachet.org.za/preke/> 

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne: 

<https://npwepener.wixsite.com/website>

Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: 2 Korintiërs
2:12-17

Tema: God se triomf deur sy
evangelie!

Uitsending: [Oggenddiens](#)

Aanddiens

Prof Henk Stoker

Skriflesing: Psalm 139

Tema: Verwondering oor hoe
God by my betrokke is

Uitsending: [Aanddiens](#)



gedagte vir die week


Ons is sy volk, sy eiendom,
Hy hou ons vas en naby Hom.
Wie sonder Hom self klaar wil kom,
sy graf lê reeds gereed vir hom.

Psalm 94:6B (Cloete)

CACHET

Lief en Leed:

- † Ons dink aan Willem van Heerden, wie se Ouma oorlede is.
Ons dra ook die familie op in ons gebede in hierdie tyd.
(Ps. 30:11-13).




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>**Oggend 1ste kollekte:**
GKSA Sustentasië fonds

EFT vir kollekte:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- GKSA Sustentasië fonds
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:

<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>**Aand 2de kollekte:**
Ramings

EFT vir kollekte:

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Ramings
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>


ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

- 7 Mei Ruan van Rheede van Oudtshoorn
- 9 Mei Esmarie van der Merwe
- 12 Mei Miriam Lemmer

*Laat by die eerste môreglore
u goedheid fluister in my ore!
Op U vertrou ek, laat my tref
die veil'ge pad en regter spore,
daar ek my siel tot U verhef!*

Psalm 143:7



Administratief



1. Attestate

Ontvang: Johannes Petrus (JP) van Staden vanaf *GK Magol*

Vertrek:

- Leon Haasbroek na *GK Waterkloofrand*
- Jurgens Jonker na *GK Vryheid*

Met reis-attestaat: Carike Goede na *GK Oos-Moot*

2. Beroeping van Ds Noah Kim

Die naam van Ds Noah Kim sal Sondag vir die laaste maal ter approbasie aan die gemeente voorgehou word. Die kerkraad beoog om hom te beroep met die spesiale opdrag van evangelisasie.



Cachet ontvang visitasie hierdie komende Sondag

Die twee predikante wat aangewys is as visitatore vir ons gemeente is Ds Hendrik Verryn en Ds Willem Steyn. (Volg hierdie [skakel](#) vir meer inligting oor visitasie.) Indien enige lidmaat die visitatore wil spreek oor enige saak in die gemeente, kan hulle vir **Ds Hendrik Verryn** (061 334 1519) kontak.



Kerkradsbesluit met betrekking tot eredienste en Covid regulasies:

A. Beginsels met betrekking tot die afskaf van eredienste

- a. Die vyfde gebod
 - i. Die nakoming van die vyfde gebod dien nie as 'n geldige rede om eredienste af te skaf kan nie.
 - ii. Die gesag van die regering het immers nie betrekking op die kerk as entiteit se doen en late nie.
- b. **Besluit:** Die kerkrad sal self die besluit neem om eredienste af te skaf met deeglike inagneming van die regering se motivering.
- c. Die sesde gebod
 - i. Die kerkrad besef dat Covid-19 'n baie ernstige en gevaarlike virus is.
 - ii. Die kerkrad sal dus die veiligheid van die gemeenskap en die veiligheid van die gemeente in alle omstandighede hoog op prys stel.
 - iii. Dit sal gemotiveer word uit die feit dat God beveel dat ons die mens se lewe beskerm.
- d. **Besluit:** Die kerkrad sal, hoe die omstandighede ook al mag lyk, nie roekeloos wees met betrekking tot fisiese samekomste nie.

B. Die wyse waarop hierdie beginsels in die praktyk toegepas gaan word

- a. Regulasies
 - i. Die kerkrad kan nie weet wat toekomstige regulasies mag inhou nie.
 - ii. Die kerkrad kan ook nie weet hoe die toekomstige situasie met betrekking tot die virus sal lyk nie.
 - iii. Die kerkrad kan daarom nie 'n vaste praktiese besluit neem wat geld vir alle moontlike toekomstige omstandighede nie.
- b. **Besluit:** Die presiese wyse waarop die regulasies en omstandighede in die toekoms hanteer sal word, sal besluit word soos wat die situasie homself voordoen.
- c. Basis waarop die praktiese wyse sal geskied
 - i. Die kerkrad sal nie fisiese samekomste, onder moontlike verswaarde omstandighede, wil afskaf nie.
 - ii. Die mate waarin fisiese samekomste geskied sal wel beperk word.
 - iii. Dit beteken byvoorbeeld dat lidmate dalk op verskillende plekke bymekaar sal kom of dat daar n aantal opeenvolgende samekomste met kleiner groepe lidmate sal wees.
- d. **Besluit:** Die kern van die saak is dat eredienste nie blatant afgeskaf sal word nie. Die mate van fisiese samekoms met eredienste sal beperk word. In die toepassing van hierdie besluit sal die kerkrad egter nie roekeloos wees met betrekking tot lidmate se gesondheid nie.

TOERUSTING

SONDAG 9 MEI
NA DIE AANDDIENS



BLACK
LIVES
MATTER

DEUR PROF HENK STOKER



CACHET 50 JAAR FEES BYBELSTUDIE UITDAGING

Jubeljaar

Ter feesviering van 50 jaar se genade uit die Here se hand in Cachet, loods ons 'n uitdaging om 'n 50-dag Bybelstudie 50 dae voor Cachet se verjaarsdagdatum te volg.

29 APR - 17 JUN

TEMA:

Jubeljaar

INHOUD:

Daaglikse skakels na oordenkings, psalms, woordstudies, sosio-historiese konsepte, artikels, potgooie, video's en praktiese vrae.

SLEGS 5-10 MIN / DAG

**GK Cachet
Lofsangaand
ter viering van:**

Hemelvaart

**Donderdag
13 Mei 2021
Na die
Hemelvaartdiens**

**As jy wil deelneem
aan voorlesing,
koorsang ens.
Kontak: Minette
084 580 4002**

CACHET FUN RUN



Datum: Saterdag 15 Mei

Afstand: 12km en 5km

Tyd: 7:00 (12km) en 7:30 (5km)

Plek: Bezuidenhout st. (Brahm se huis)

Heerlike koffie na die tyd vir R10
deur koffie@cachet

Vir navrae whatsapp
Clariska Venter 084 367 1836

Cachet Basaar

Kom wees deel van die pret

22 Mei 2021

8:00 tot 13:00

by GK Sentraal

Teetuin

BubbleTea

Pannekoeke

Ontbyt

Boereworsrolle

Koffiekroeg


Asook kindervermaak,
springkastele
en lekker eetgoedjies

Daar sal wegneemetes ook
besikbaar wees



IDEAAL AS GESKENK OF AANDENKING VIR ALMAL WAT POTCH LIEFHET!

GK CACHET FONDSINSAMELING



STORIES VAN POTCHEFSTROOM

INTERESSANT EN VERMAAKLIK -
DEUR DR. LENNIE GOUWS

R350

KONTAK LIDA - 076 263 4983

Jubeljaar Merch

Enige bestellings kan by Archelle
geplaas word en kan dan betaal en
afgehaal word tydens Koffiekroeg.

Dit sal ook tydens Koffiekroeg verkoop word,
so kom loer gerus!



Water R10




Stickers R10



Koppies R70



Sleutel-
houers R15



KAMERS TE HUUR 2021

OP KAMPUS BY GK CACHET

WATER, LIGTE, INTERNET, PARKERING
EN SKOONMAAKDIENSTE INGESLUIT

SLEGS DAMESSTUDENTE
VANAF R2700 TOT R4400 PER MAAND
PER KAMER

KAMERS IS DEELBAAR, TWEE DAMES PER KAMER

Kontak Brahm

0646561374

brahmrobinson@gmail.com



OOSDOPPERFEES WEER EINDE MEI

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos is fluks besig met die reëlings vir die jaarlikse Oosdopperfees wat op Saterdag, 29 Mei 2021 plaasvind by Parysplaan.

Ons gewilde wors en kwaliteit maalvleis sal verkoop word, asook die groot trekpleisters vir kinders, die Grilgrot en ander kinder aktiwiteite. Diereliefhebbers kan gerus kom deelneem aan die gewilde troeteldierskou met groot pryse om te wen. Skryf gerus in (p. 19).

Ondersteun gerus ook ons Boeke-Oase. Nog enkele stalletjies is beskikbaar vir uitstallers en uitstallers word uitgenooi om saam die dag te kom bywoon. Uitstalkoste R150. Skakel vir Adele by die kerkkantoor 018 290 7690 of 082 532 8658 om jou stalletjie te bespreek.

Seënwense

Adele Delpont



OOSDOPPERFEES

29 Mei 2021

Kom vier fees saam met ons op
**29 Mei 2021, Gereformeerde Kerk,
Potchefstroom-Oos, Parysplaan**

Vleisverkope | Uitgesoekte uitstallers |
Grilgrot | BoekeOase | Troeteldierskou

Program vir die dag

- 09:00** Opening
- 08:00** Boere-ontbyt en Pannekoek,
Vleisverkope, Handelshuis, Kos- en
ander Stalletjies
- 12:00** Troeteldierskou – met groot
pryse om te wen





Oosdopperfees 29 Mei 2021

Troeteldierskou Inskrywingsvorm



Geref.Kerk Potchefstroom-Oos; Parysplaan Bailliepark 12:00 (29 Mei)

Inskrywingsfooï per kategorie: R20

Naam van eienaar:

Naam van troeteldier:.....

Katogorieë:

- 1. Besgekleede troeteldier
- 2. Besversorgde troeteldier
- 3. Gehoorsaamste troeteldier
- 4. Lelikste troeteldier
- 5. Baas en troeteldier "look-alike"
- 6. Oulikste troeteldier

Kontakpersoon:

Kruispad e-tydskrif

GKSA Jeug



 **KRUISPAD**
e-tydskrif

maandeliks
gratis
gereformeerd

Ywer is nie 'n woord wat ons sommer in ons algemene gebruikstaal gebruik nie. Tog lees ons daarvan in die Bybel. Ons kry ook die opdrag om geesdriftig te wees. Die HAT beskryf ywer as die "eienskap van vlytig, geesdriftig te wees, begerig om iets aan te pak". Dis hoe ons vir die Here moet lewe! Dis meer as om net te sê dat jy 'n gelowige is, jy moet jou geloof in elke aspek van jou lewe uitleef. Jy moet ten volle vir die Here lewe. Romeine 12:11 gee vir ons 'n baie mooi opdrag hieroor: "*Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.*"

In [hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) kyk ons hoe 'n Christen wat ywerig is se lewe en se houding teenoor werk lyk. Die teenoorgestelde van ywerig wees is luiheid, en daarom ondersoek ons wat die Bybel oor luiheid sê. Só kan ons elkeen ons lewens ondersoek: Is ek besig om ywerig vir die Here te lewe en te werk?

Tot volgende maand,
Die Kruispad-redaksie

Wees ywerig in jou lewe vir die Here!



Hoe lyk 'n Christen wat ywerig vir God lewe?

Rig jou dagboek én jou ywer op die Here

Leer uit Psalm 63, 'n Psalm van Dawid, hoe ons lewens moet lyk as ons ywerig vir God lewe. [Lees die artikel hier.](#)

Hoe lyk jou dagbeplanning? Plaas jy die Here eerste, of eers alles wat oor jou eie belang gaan? [Lees hier](#) hoe jy moet lewe.



Wat sê die Bybel oor luiheid?

Doen jou werk tot eer van God

[Lees hier](#) wat luiheid is, wat ons van 'n luitaard uit die Bybel leer, en uiteindelik, hoe gelowiges met luiheid en die luitaard moet omgaan.

Wat sê die Here oor die aard van werk? Hoe wil Hy hê moet ons oor werk dink? *Kruispad* kyk na wat die Bybel hieroor sê. [Lees die artikel hier.](#)



Wanneer die Here gee, moet ons bymekaarmaak en opberg

Die teksvers in Spreuke om te kyk hoe die mier werk is baie bekend. Het jy al gedink hoe dit op jou geestelike lewe van toepassing kan wees? [Lees hier.](#)

Kerkgeskiedenis: Martin Luther en die Ryksdag van Worms

Martin Luther is versoek om voor 'n amptelike vergadering van die leierskap van die Heilige Romeinse Ryk te verskyn. [Hier](#) is wat by die Ryksdag in Worms in April 1521 gebeur het.

Nuus vanaf Admin Buro

Beroep aanvaar:

Proponent Izak van der Westhuizen na GK Colesberg

Beroepe bedank:

Proponent Izak van der Westhuizen na GK Boksburg

Proponent Izak van der Westhuizen na GK Kroonstad



Geopende Deure **NUUSBRIEF**

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 Jaar diens aan die vervolgte Kerk word gevier



Beste vennoot van die vervolgte Kerk

Is die vrede van God groter as die vrees van vervolging?

'n Vervolgde Christen van Egipte het gedeel hoe sy en haar familie deur 'n man wat gedreig het om haar pa te vermoor, vervolgt is. Sy en haar familie het hulle winkel vir 20 dae gesluit, en by die huis gebid en gehuil. Sy was baie bang, maar toe gebeur daar iets...

Lees volledige storie in die nuusbrief.

[Klik hier vir jou Spesiale Herdenkingsnuusbrief](#)

GK Cachet Kalender: Mei 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
<div style="background-color: #00FF00; padding: 5px; margin-bottom: 10px;">Rooipoortjie</div> <div style="background-color: #D3D3D3; padding: 5px;">BKV (@ 16:30)</div>	<div style="background-color: #D3D3D3; padding: 5px;">Ouderling vergadering (@ 18:00)</div>	<div style="background-color: #00FFFF; padding: 5px;">Koffiekroeg</div>		<div style="background-color: #FFD700; padding: 5px; margin-bottom: 10px;">Hemelvaart</div> <div style="background-color: #90EE90; padding: 5px;">Lofsangaand (@ 18:00)</div>		
16	17	18	19	20	21	22
<div style="background-color: #ADD8E6; padding: 5px; margin-bottom: 10px;">Gemeente- ete - Diakonie (@ 12:00)</div> <div style="background-color: #0000FF; color: white; padding: 5px;">Nagmaal</div>					<div style="background-color: #FFFF00; padding: 5px;">Konings- kindersaksie (@ 13:00)</div>	
23	24	25	26	27	28	29
<div style="background-color: #FFD700; padding: 5px; margin-bottom: 10px;">Pinkster- Sondag</div> <div style="background-color: #00FF00; padding: 5px;">Rooipoortjie</div>		<div style="background-color: #00FFFF; padding: 5px;">Koffiekroeg</div>			<div style="background-color: #6A329F; color: white; padding: 5px;">Klere- & wors- broodjies- verkoop</div>	

<p>30</p> <p>Gemeen- skaplike ere- diens (@ 10:00)</p> <p>Rooipoortjie</p>	<p>31</p>	
--	-----------	--